

Wat is die betekenis van saaklike sekerheid?

Posted on [September 16, 2015](#)



Saaklike sekerheid beteken dat 'n skuldeiser op grond van 'n vorderingsreg teen 'n skuldenaar (hoofskuld) 'n beperkte saaklike reg op 'n saak of sake van die skuldenaar verkry as sekuriteit vir die nakoming van die vorderingsreg (hoofskuld) deur die skuldenaar. Saaklike sekerheid verskil van persoonlike sekerheid deurdat 'n skuldeiser in die geval van persoonlike sekerheid nie 'n beperkte saaklike reg op die saak of die sake van die skuldenaar verkry nie, maar slegs 'n vorderingsreg teen 'n derde persoon verkry as sekuriteit vir die nakoming van die hoofskuld deur die skuldenaar. So 'n derde persoon kan borg wees vir die skuldenaar of 'n persoon waarteen die skuldenaar 'n vorderingsreg het, welke vorderingsreg deur die skuldenaar van die skuldeiser gesedeer is.

'n Vereiste vir saaklike sekerheid is die bestaan van 'n geldige en afdwingbare hoofskuld. Die saaklike sekerheid is bykomend tot die hoofskuld, dit wil sê die saaklike sekerheid verval outomaties indien die hoofskuld afgelos word.

Indien die sekuriteitsobjek 'n roerende saak is, kan saaklike sekerheid die vorm van pand of notariële verband aanneem. In die geval van pand moet die pandsaak ('n stoflike of onstoflike roerende saak) deur die pandgewer (skuldenaar) aan die pandhouer (skuldeiser) gelewer word. Fisiese beheer van die pandsaak is 'n vereiste vir die ontstaan en voortbestaan van 'n beperkte saaklike sekerheidsreg op die sekuriteitsobjek. Die pandhouer het egter die verpligting om die pandsaak binne redelike perke in stand te hou en by beëindiging van die pand die saak aan die pandgewer terug te besorg. 'n Notariële verband moet ten opsigte van gespesifiseerde, stoflike roerende sake van die skuldenaar (verbandgewer) ten gunste van die skuldeiser (verbandhouer) in die aktekantoor geregistreer word. Na registrasie van so 'n verband verkry die verbandhouer 'n beperkte saaklike reg op die beswaarde sake sonder dat dit aan die verbandhouer gelewer is.

Onroerende goed van die skuldenaar dien as sekuriteitsobjek deurdat 'n verband ten gunste van die skuldeiser (verbandhouer) deur die skuldenaar (verbandgewer) toegestaan en in die aktekantoor geregistreer word. 'n Verband is 'n likiede dokument wat aan die verbandhouer 'n beperkte

saaklike reg op 'n onroerende saak van die verbandgewer verleen sonder dat sodanige saak uit die beheer van die verbandgewer gaan. Daar kan meer as een verband gelyktydig oor dieselfde onroerende saak geregistreer word. Voorkeur word in so 'n geval aan die verbandhouders in volgorde van die tydstep van registrasie verleen (*prior in tempore, prior in iure*).

Die pand- of verbandhouer (skuldeiser) kan die sekuriteitsobjek by wanprestasie of wanbetaling van die hoofskuld deur die pand- of verbandgewer (skuldenaar) in eksekusie laat verkoop en is geregtig op die opbrengs van die eksekusieverkoping ter delging van die hoofskuld. By insolvensie van die pand- of verbandgewer verkry die pand- of verbandhouer 'n preferente eis op die opbrengs van die sekuriteitsobjek by die insolvensieverkoping.

Hierdie is 'n algemene inligtingstuk en moet gevolglik nie as regs- of ander professionele advies benut word nie. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige foute of weglatings of enige skade of verlies wat volg uit die gebruik van enige inligting hierin vervat nie. Kontak altyd u regsadviseur vir spesifieke en toegepaste advies.

This entry was posted in [Property](#) and tagged [onroerende eiendom](#), [roerende eiendom](#), [saaklike sekerheid](#), [verband](#), [verbandgewer](#) by [DKVG](#). Bookmark the [permalink](#).